DIE WESE VAN DIE NAGMAAL:

Die nagmaal is in sy wese 'n **VERBONDSMAALTYD** – 'n verhoudingsmaaltyd, waar die verbinding tussen Christus en sy gemeente telkens vernuwe word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse:

1. Die nagmaal is eerstens 'n **GEDAGTENISMAALTYD**. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: "Gebruik dit tot my gedagtenis." [Lukas 22:19]. In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. Daarom dink ons aan sy lydensweg: Hoe Hy sy lewe gegee het; hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het; hoe Hy die lydensbeker gedrink het; hoe Hy van God verlate was en uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" [Markus 15:34], sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie.

NAGMAAL IS 'N ONTHOU-FEES!

In hierdie gedagtenismaaltyd onthou ons dus dat ons aan die Here behoort, dat Hy ons met sy bloed en liggaam vrygekoop het. Die wyn herinner my aan sy bloed wat vir my gestort is en die brood herinner my aan sy liggaam wat vir my gebreek is

2. Die nagmaal is tweedens 'n **WAARBORG**. Daarom sê Jesus: "Dit is my liggaam" en "Dit is my bloed". [Matteus 26:26&28]. So seker as wat ons hierdie brood eet en hierdie drank drink, so seker het ons deel aan Jesus, aan sy sterwe en opstanding. Hy waarborg sy verlossing vir ons so volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.

NAGMAAL IS DUS 'N SEKERMAAK-FEES EN SEKER WEES, FEES!

Ek hoor, sien, voel, ruik en proe die liefde van die Here!

3. Die nagmaal is derdens die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar – en al kan ons op hierdie oomblik nie fisies saam wees nie, is ons tog dwarsoor die hele wêreld saam. Die nagmaal verbind ons nie net met sy dood nie, maar help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar as lidmate van een liggaam, in liefde saam gebind.

Die Nagmaal is dus 'n **SAAMWEES-FEES!**

Baie graankorrels maak saam een brood – so verbind Jesus ons deur die Nagmaal aan Hom en aan mekaar as sy huisgesin! En ons sien uit na die dag wanneer ons weer almal saam kan wees.

4. Die nagmaal is vierdens die **VERKONDIGING VAN ONS TOEKOMSVERWAGTING**. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here reeds een met ons is. Tog kyk ons ook vooruit na sy wederkoms, en verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom. Met die wederkoms of die dood – watter een ook al eerste is. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Jesus Christus in heerlikheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon en "God alles...in almal kan wees".

DAAROM IS DIE NAGMAAL 'N UITSIEN-FEES!

By die Nagmaalstafel kyk ons in ons gedagtes vooruit na die bruilofsmaaltyd van die Bruidegom Jesus Christus wat vir ons [sy bruid] by Hom wag.

5. Die nagmaal is **VYFDENS 'N VREUGDEFEES**. Al vertel die tekens van die lyding en sterwe van Jesus Christus, van sy kruis, van sy bloed wat vergiet is en sy liggaam wat gebreek is, staan die nagmaalsviering nie in die teken van droefheid en rou nie. Hoewel ons die nagmaal met gewyde erns vier, is dit tog 'n vreugdefees, waar die Here op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding aan ons uitdeel. In die nagmaalsfees smaak ons nou al iets van die vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam.

NAGMAAL IS 'N BLY-WEES-FEES!

Met en deur hierdie fees juig ons dus met blydskap oor God se genade en vergifnis en vier ons dit met uitbundigheid!

6. Sesdens is dit duidelik dat die nagmaal ten slotte 'n **FEES VAN DANKBAARHEID** is. Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn van die verlossing waaraan ons in Jesus Christus deel het. By die nagmaal, by die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou in dankbaarheid ons lewe opnuut aan Hom wy. In dankbaarheid juig ons saam met die kerk van alle tye: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het ons 'n koninkryk en priesterdom vir God gemaak!" [Openbaring 5:9&10].

NAGMAAL IS 'N DANKIE-SÊ-FEES!

Die Nagmaal is dus 'n fees van dankbaarheid vir al God se liefde en genade wat Hy in Jesus en deur die Heilige Gees aan ons betoon. Kom ons vier fees saam met ons God!

DIE BOODSKAP VAN DIE NAGMAAL IS DUS IN KORT: Die uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing deur Jesus Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dis 'n geleentheid waar ons deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die Here en met mekaar verdiep en waar ons versterk word in ons geloof, getuienis en in ons toekomsverwagting.

GELOOFSBELYDENIS:

Waar ons nou gehoor het wat die nagmaal is en waar ons nou aansit aan die tafel, laat ons ons geloof hardop bely: (Ons doen dit met die Twaalf Artikels en se elke keer ons, om iets van ons saamwees en verbondenheid, ook aan mekaar te beklemtoon – al is ons fisies in afsondering.

"Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ons glo in die Heilige Gees.
Ons glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.